FAMILIENUUS 335

MET DIE LIG NA DIE GEMEENSKAP!

Ons Voetsoolsinodesittings is verby – en volgens die terugvoer wat ons ontvang het, was dit 'n goeie ervaring. Meer as 200 persone het die geleenthede bygewoon – en die gesprek oor missionale kerkwees word nou in gemeentes voortgesit. Dis in gemeentes en deur die lewens van lidmate wat die verskil gemaak gaan word.

Ons stel mettertyd 'n dokument saam oor hierdie geleenthede. Ons gee solank die skakels na die drie video-grepe wat ons vertoon het. Gebruik dit gerus in die gemeente.

Witbank-Panorama
CMR Ermelo
In ligter trant

Ons raak besig met Lydenstyd. Ons gaan weer diep bewus word van die hart van God vir sy mense. Dit gaan ons lewens diep raak – en ook ons optrede, denke en oortuigings verander. Dan leef ons met die hart van God in hierdie wêreld.

Mag lydenstyd vir jou 'n geloofsverdiepende ervaring wees.

Francois Retief

–ooOoo–□□□□□□

PREDIKANTE

Darius Botha, een van ons bekende leraars uit Oostelike Sinode, is Maandag oorlede na 'n baie lang stryd teen kanker.

Ons dink met groot dankbaarheid aan die spesiale man wat hy was.

'n Geloofsfamilie deel graag lief en leed met mekaar. Hou ons asseblief ingelig hier by die Sinodehuis.

Predikantekonferensie 2018 se reëlings is in volle swang. Die feitlik oombliklike reaksie van leraars op die skrywe wat hieroor uitgegaan het, wys dat ons predikante wel deeglik hulle e-posse lees!

Professor Jan van der Watt gaan temas uit die Johannes-Evangelie behandel – en ons help om daaroor te preek. Benut gerus hierdie toerusting / rus / kuier-geleentheid. Gou spring om julle verblyf te bespreek. Die skrywe wat vanaf die Sinodehuis uitgegaan het, kan hier gekry word.

Dankie vir elke **gemeentekalender** wat ons reeds hier ontvang het.

GEMEENTES

Lourens Bosman gee inligting oor die navorsing wat **NCLS** in gemeentes en tot voordeel van gemeentes doen. Die volgende rondte hiervan gebeur in Augustus. Dit help met die raaksien van tendense in jou gemeente en watter aanpassings in julle bediening nodig mag wees sodat die gemeente gesond en groeiend kan wees. Inligting oor die kostes is hier beskikbaar..

PROJEKTE

Teken solank die datum aan van Oostelike Sinode se Leraarsondersteunings-geleentheid by die *mpa* te Moreletapark: 26 – 27 Maart. 'n Pamflet met besonderhede word hier aangeheg.

Ons **Kleingemeente**-span doen groot dinge! Op 15 Maart besoek Frederick Marais ons met inligting oor die model wat hulle ontwikkel het om gemeentes te help met die gesprek oor volhoubare missionale gemeentes. Ons het al vroeër insae gehad hierin – en dis 'n praktiese, eenvoudige stuk gereedskap om

met hierdie gesprek te help.

Die pakket kos R250 – en Frederick kan dit saambring vir gemeentes wat vooraf bestel.

Die geleentheid word by Middelburg-Suid gehou vanaf 10:00 tot 16:00.

Skakel gerus met Carl Louwrens (crl@telkomsa.net) hieroor.

ONDERSTEUNING

www.sinoos.co.za – ons webwerf het die kontakinligting van gemeentes, ringe en leraars.

Die **Predikante Pensioenfonds** het dokumente vir die berekening van leraars se pensioenbydraes aan leraars en kerkkantore gestuur. Hierdie skrywe is van die uiterste belang – hiersonder kan julle nie die pakket van die leraar vir die begroting bereken nie.

Skakel asseblief vir Theo Smith hieroor by 012-342 0415.

VERGADERINGS

20 Februarie Kuratorium
22 Februarie Sinodale Diensraad

GESAMENTLIKE WERK

Bybel-Media Nuusbrief 2018/03 kan hier gelees word.

Excelsus bied die Sertifikaat in Bedieningsvernuwing aan. Die pamflet vertel meer oor hierdie belangrike saak vir ervare leraars.

Die **CMR** stuur vir ons hierdie storie van hoop.

Oostelike Sinode ontvang saam met Noordelike Sinode en Sinode Goudland vir **Michael Moynagh** op 22 Februarie by Lux Mundi. Leraars van Oostelike Sinode woon dit gratis by maar moet met Tersia by ontvangs@sinoos.co.za bevestig sodat jy iets te ete kan kry!

ANDER INLIGTING

Oud-Bad-se-lopers sal hierin belangstel.

Missie Japan se Nuusflits word hier aangeheg.

VERJAARSDAE

Geluk aan almal wat tot 5 Maart 2018 verjaar.

Gemeentes:

17 Februarie – Skuilkrans, info@skuilkrans.co.za (47)
19 Februarie – Lynnwoodrif, admin@lynnwoodrif.co.za (43)
2 Maart – Breyten, ngkerkbreyten@gmail.com (76)

Emeriti:

14 Februarie – Albert Venter, Marble Hall 2017, alberven@mweb.co.za
17 Februarie – Hannes Enslin, Skuilkrans 2006 beroepbaar, jdenslin@mweb.co.za
22 Februarie – Gerrit Theron, Chrissiesmeer 2017, gtheron@mtnloaded.co.za
24 Februarie – Thys Le Roux, Camden 1988
28 Februarie – Louis Louw, Pretoria-Oosterlig 2017, louisklouw@absamail.co.za
1 Maart – Anton Doyer, Ohrigstad 2008, awdoyer@gmail.com
2 Maart – Johan Froneman, ABID Transvaal 2011, drjohanfroneman@gmail.com
3 Maart – Kobus Bezuidenhout, Dir Godsdienssorg Korrektiewe Dienste 1998, kobez@mweb.co.za
3 Maart – Steyn van Heerden, Nelspruit-Suid 2009, dsjs@vodamail.co.za

5 Maart – Petrus Etsebeth, Sekhukhuneland 2000, kantoor@lantic.net

Predikante:

14 Februarie – Lieze Meiring, Skuilkrans, lieze@skuilkrans.co.za
15 Februarie – Dirkie van der Spuy, Moreletapark, dvdspuy@moreleta.co.za
16 Februarie – Christian Oberholzer, Elarduspark, christian@ngelarduspark.org.za
17 Februarie – Marnus Geyser, Dennesig, marnusgeyser@webmail.co.za
19 Februarie – Dawie Nieuwoudt, Witbank-Panorama, sirrouch@vodamail.co.za
20 Februarie – Fanie Venter, kerksondermure, fventer@ksm.co.za
25 Februarie – Danie Vermaak, Elarduspark, danievermaak@ngelarduspark.org.za
27 Februarie – Janet Cruywagen, Valleisig, jeug@valleisig.org.za
27 Februarie – Johan van der Merwe, Lynnwoodrif, johan.vdmerwe@up.ac.za
5 Maart – Elza Meyer, Moreletapark, elza@turn2god.co.za
5 Maart – Gert Steyn, Dosent UP, gert.steyn@up.ac.co.za
5 Maart – Wouter van Wyk, Tygerpoort, wouter@ngtyger.com

Groete tot 6 Maart 2018.

Francois Retief
Uitvoerende Amptenaar
uitamp@sinoos.co.za